# ALGEMENE JAARVERSLAG

## 1 April 2024 – 31 Maart 2025

Stilbaai Bejaardesorg – Huis Stilbaai, 'n Program van BADISA

'n Gesamentlike Bedieningsaksie van die

NG Kerk (Wes- en Suid-Kaap) en VGKSA (Kaapland)




Perlemoenlaan 6, Stilbaai, 6674

Tel: 028 7541560

www.huisstilbaai.co.za


Geregistreerde Organisasie sonder Winsoogmerk - Registrasienommer: 011-891

# Ons waardes

- Diensbaarheid
- Geregtigheid
- Uitnemendheid
- Rentmeesterskap

# Ons missie

"GEANKER IN JESUS, LEWER ONS 'n BEHOEFTE GEDREWE DIENS AAN OUER PERSONE MET TOEGEWYDE PERSONEEL EN VRYWILLIGERS IN SAMEWERKING MET ANDER ROLSPELERS."

## ***Voorwoord***

Huis Stilbaai het die afgelope jaar verskeie noodsaaklike uitdagings die hoof gebied. Te midde van vele fondswerwingsprojekte wat tyd in beslag geneem het en noodsaaklike instandhouding, het die personeel steeds sorg van hoogstaande gehalte gelewer.

Ek wil graag die personeel bedank vir hul daaglikse harde werk, nie net vir die toewyding aan die versorging van ons inwoners nie, maar ook die administrasie van die versorging.

Dankie aan elke donateur uit ons gemeenskap wat hierdie jaar hetsy met finansiële bydraes of goedere ons ondersteun het. Vir elke gebed sê ons dankie.

Ons dank ons Hemelse Vader vir Sy getrouheid.

**Johan Kok – Voorsitter, Beheerraad**

## ***BEHEERRAAD***

Ons opregte dank aan ons Beheerraad wat vir die tydperk April 2024 tot Maart 2025 met ywer en toewyding diens aan Huis Stilbaai gelewer het.

Ons beheerraadslede:

- Mnr Johan Kok — Voorsitter
- Me Karlien Saayman — Bestuurder
- Mnr Evan Johnson — Ondervoorsitter
- Me Cornelia Giliomee — Maatskaplike Werker: Badisa - Stilbaai
- Me Sannie Volschenk — Huishoudelik
- Me Alet Rheynders — Versorging
- Mnr J.G. Loots — Instandhouding
- Me Riana van Rooyen — Huishoudelik/Bemarking
- Me Hennielene Botha — Notulerende Sekretaresse

Mnr Marius Stander het die jaar bedank uit die beheerraad en ons het met hartseer afskeid geneem van mnr Essie Esterhuizen na sy afsterwe.

Die beheerraad en die onderskeie subkomitees vergader kwartaalliks.

## ***Subkomitees***

Personeelkomitee, Versorgingskomitee, Finansiële komitee, Inligtingskomitee, Beroepsgesondheids- en Veiligheidskomitee, Instandhouding- en Huishoudelike komitee (waarvan die Inwonerskomitee 'n subkomitee is), Bemarkingskomitee.

BESTUURDER

↙ ↘

| 1 Hoof Verpleegkundige | 1 Finansiële Beampte |
| --- | --- |
| 2 Geregistreerde Verpleegkundiges | 3 Administratiewe Beamptes |
| 2 Staf Verpleegkundiges | 2 Ontvangsdames |
| 3 Assistent Verpleegkundiges | 2 Faktotums |
| 26 Versorgers | 1 Tuinier |

Voedseldiens, Washuis en Skoonmaakdiens

uitgekontrakteer aan **Feedem** en bestuur deur Me Hanelie Grewe.

Ons spreek ons dank uit aan al Huis Stilbaai en Feedem se personeel.

Bejaardesorg word daaglikse meer uitdagend in 'n moeilike ekonomiese klimaat. Ons personeel werk met toewyding en lojaliteit om die beste moontlike diens te lewer.

Dit bly vir ons 'n roeping en voorreg om ons inwoners te versorg, te bemoedig en met waardigheid en respek te hanteer.

**Habakuk 3:19**

"Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop."

***Inwonersprofiel op 31 Maart 2025***

Die gesamentlike inwonersprofiel van 110 inwoners op 31 Maart 2025 is soos volg:

Groep 1 - 66 (onafhanklik)

Groep 2 - 20 (semi-onafhanklik)

Groep 3 - 24 (verswakte bejaardes)

'n Totaal van 22 nuwe intrekkers het by ons aangesluit gedurende die 2024/2025 finansiële jaar, 12 inwoners is in hierdie tyd oorlede en 9 het uitgetrek om nader aan hul familie in ander dele van Suid-Afrika te woon.

Hanelie Grewe en haar **FEEDEM span** het nie net daagliks wasgoed gewas en skoongemaak nie, maar ook die afgelope jaar **75,806** etes voorberei.

Feedem is vir HUIS STILBAAI goud werd.







Met die brande op die Hectorskraalpad kon **Feedem** vinnig toebroodjies vir die brandslaners maak.

Feedem behartig nie net verskeie funksies nie, maar verskaf ook heerlike Sondagetes teen sakpas pryse. Kerrieafval word tweemaandeliks vir die Afvalgilde voorberei.

## ***Ervarings sedert my intrek in Huis Stilbaai***

My intrek in Huis Stilbaai het 'n nuwe fase in my lewe ingelui, en ek deel graag enkele persoonlike indrukke en ervarings oor hierdie reis tot dusver.

Dinge wat my aangenaam verras het:

Ek is opreg dankbaar vir die warmte en toegeneentheid wat ek van dag een af hier ervaar het. Die algemene gees onder inwoners, en veral in my gang, is opgewek en behulpsaam. Dit is duidelik dat daar 'n kultuur van omgee en ondersteuning heers. 'n Klein, maar betekenisvolle gebaar was toe 'n inwoner aan my kleinseun 'n speelding geskenk het – 'n eenvoudige daad wat my diep getref het. Ek het ware medelye ervaar toe my swaer oorlede is, en toe ek later my vreugde oor my kleinseun gedeel het, het ek 'n opregte saamwees en blydskap beleef. Die betrokkenheid en hulpvaardigheid van mede-inwoners maak elke dag meer leefbaar en sinvol.

<u>Reaksies van inwoners</u> - Een van die eerste opmerkings wat ek ontvang het, was: "Jy is te jonk!" Ek word soms tong-in-die-kies "die baba" van die ouetehuis genoem. Hierdie ligsinnige verwysings dra by tot 'n gevoel van insluiting en gee 'n speelse ondertoon aan die daaglikse interaksies.

<u>Die personeel</u> - Die personeel se vriendelikheid en bereidwilligheid om te help, is opvallend. Daar heers 'n hoë mate van professionaliteit onder alle personeellede. Die sorg wat hulle aan inwoners bied op alle gebiede, insluitende die siekeboeg, is van 'n uiters hoë standaard en getuig van opregte betrokkenheid.

<u>Voeding en maaltye</u> - Die kwaliteit van die kos verdien spesiale vermelding: dit is van 'n hoë gehalte en word in 'n aangename atmosfeer in die eetsaal bedien. Die daaglikse maaltye dra by tot 'n gevoel van huislikheid en versorging.

<u>Fasiliteite</u> - Die gebou self is goed onderhou, netjies afgewerk en ideaal geleë. Hierdie fisieke ruimte speel 'n belangrike rol in my algehele welstand.

<u>Refleksie</u> - Ek het tot die besef gekom dat baie ouer persone die oorgang van sogenaamde onafhanklikheid in hul eie wonings na 'n ouetehuis nie maklik hanteer nie. Daar is 'n wye voorkoms van ontkenning oor die noodsaaklikheid daarvan – soveel so dat party nie eens op 'n waglys êrens verskyn nie. Ek beskou myself gelukkig om hierdie oorgang doelbewus en met aanvaarding te kon maak.

***Arie Verburgh – inwoner***

## ***First impressions***

*I moved into this old-age home in January and have been very comfortable as an independent resident in a one-bedroom flat. The standards are high in all areas and the staff and residents are friendly and take their jobs seriously. I am especially impressed with the positive and "cheerful" energy in die Sickbay. This surprised me and it is wonderful to know that one is fully cared for in a happy environment as we age, weaken and prepare for the day we pass. Well done Nursing staff!!*

*The hygiene standards are good, and the laundry service is wonderful. The catering and food are also balanced and of a high standard.*

*Some of my friends who have visited me have already put Huis Stilbaai in their future plans.*

***Guy Gardener – resident***

## ***Beroepsgesondheid en veiligheid***

Gedurende die 2024/25 jaar is Huis Stilbaai se Brandontruimingsplan hersien en deur Hessequa se brandweerhoof afgeteken.

In die lig daarvan dat die brandweerdiens in Riversdale gebaseer is en reaksietyd op noodoproepe prakties nie so gou kan geskied soos die behoefte mag vereis nie, is die plaaslike Buurtwag betrek by Huis Stilbaai se Ontruimingsplan.

Hierdie ondersteuning is krities, sou 'n nagtelike ontruiming nodig wees. Buurtwaglede verleen ondersteuning tydens ontruiming onder leiding van Huis Stilbaai se Veiligheidsbeampte.

Twee suksesvolle ontruimingsoefeninge is gedoen waarvan die laaste een nie vooraf met die inwoners of met die Buurtwag gekommunikeer is nie.

***Engela Matthee – Senior Administratiewe Beampte***

## ***Finansies***

Die volgende is 'n verkorte opsomming vanuit die geouditeerde state:

| Die volgende is 'n verkorte opsomming vanuit die ge-ouditeurde state | | 2025 | | 2024 | | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | **R** | **13,772,029.00** | **R** | **12,549,532.00** | **R** | **11,520,731.00** |
| Losies - Tehuis/Woonstelle | R | 11,529,398.00 | R | 10,491,110.00 | R | 9,082,531.00 |
| Losies - Subsidie | R | 346,183.00 | R | 410,005.00 | R | 381,730.00 |
| Donasies | R | 421,612.00 | R | 425,084.00 | R | 933,125.00 |
| Fondsinsameling | R | 341,358.00 | R | 359,308.00 | R | 229,671.00 |
| Diverse Inkomste | R | 1,133,478.00 | R | 864,025.00 | R | 893,674.00 |
| | | | | | | |
| **Uitgawes** | **R** | **13,167,921.00** | **R** | **12,604,521.00** | **R** | **11,417,593.00** |
| Menslike Hulpbronne | R | 8,056,080.00 | R | 7,506,528.00 | R | 6,517,394.00 |
| Vervoer | R | 35,887.00 | R | 44,441.00 | R | 56,166.00 |
| Munisipaliteit | R | 1,256,737.00 | R | 1,005,392.00 | R | 901,394.00 |
| Kantooruitgawes | R | 558,026.00 | R | 656,935.00 | R | 495,354.00 |
| Instandhouding | R | 790,672.00 | R | 897,937.00 | R | 1,155,777.00 |
| Versekering | R | 119,021.00 | R | 119,021.00 | R | 79,477.00 |
| Kruideniersware | R | 1,452,311.00 | R | 1,364,079.00 | R | 1,237,162.00 |
| Huishoudelik | R | 336,179.00 | R | 329,957.00 | R | 443,301.00 |
| Diverse Uitgawes | R | 334,906.00 | R | 497,627.00 | R | 321,973.00 |
| Waardevermindering | R | 124,479.00 | R | 112,383.00 | R | 91,394.00 |
| Bankkoste | R | 44,967.00 | R | 37,569.00 | R | 32,353.00 |
| Losiesgelde uit versorgingsfonds betaal | R | 58,656.00 | R | 32,652.00 | R | 85,848.00 |
| | | | | | | |
| **Netto Surplus vir die jaar** | **R** | **604,108.00** | **-R** | **54,989.00** | **R** | **103,138.00** |
| Kapitale Besteding | | | | | -R | 361,745.00 |
| **Bedryfsurplus na kapitale besteding** | **R** | **604,108.00** | **-R** | **54,989.00** | **-R** | **258,607.00** |
| Beweging in spesiale reserwefondse | -R | 387,286.00 | -R | 41,390.00 | R | 313,652.00 |
| **NETTO SURPLUS/(TEKORT) VIR DIE JAAR** | **R** | **216,822.00** | **-R** | **96,379.00** | **R** | **55,045.00** |

Geouditeerde state, soos voorberei deur Theron du Plessis, is ter insae by die finansiële beampte en kan op aanvraag ge-epos word.

***Marlize Hodgman – Finansiële Beampte***

## ***Vrywilligers***

Ons vrywilligers dra ons elke dag. Ons sê graag dankie aan elke vrywilliger wat hier by ons betrokke is. Julle omgeeharte word raakgesien en waardeer.

Ons **Vriende & Familiekomitee** was weer staatmakers met "Bangers & Mash" by die hengelklub, pannekoekdae en SPAR se koek & tee tydens die Maand van die Bejaardes in Oktober. November het die inwoners 'n heerlike braai geniet.









"Manne, dis 'n voorreg..."



Huis Stilbaai se gholfdag in Desember, geborg deur Johan Henn van **AIP Capital**, was 'n hoogtepunt en ons is baie dankbaar vir die fondse wat ingesamel is met die oog op die opgradering van ons kombuis.





Die dames van die Hervormde Kerk het (weer) kom pannekoek bak en elke pannekoek is geskenk aan ons inwoners. Dankie!

## ***Fondswerwing***

As nie-winsgewende organisasie is ons dankbaar vir elke fondswerwingsgeleentheid. Ons waardeer die breër gemeenskap van Stilbaai vir die finansiële ondersteuning, hetsy deur 'n donasie, 'n skenking of item wat by die basaar gekoop word.

'n Nuwe heining aan ons suidekant is opgerig danksy verskeie fondswerwingsprojekte en skenkings. 'n Spesiale vermelding gaan aan PAM GOLDING Stilbaai.

Ons het ook heerlike skaapkerrieafvaletes en Sondagmiddagetes verkoop om ons doelwit te bereik.






**Basaar 2024** het vir groot opgewondenheid gesorg en al ons sameroepers en personeel het hard gewerk om 'n sukses van die dag te maak.



"Christmas in July 2024" was 'n heerlike (koue) geleentheid om ons naaldwerk en handwerk te verkoop. Ons nuwe Yoco-kaartmasjien was ook op die toneel.








***<u>Huis Stilbaai GEE OM</u>***

By Huis Stilbaai glo ons dat ons slegs met 'n **OOP hand** kan ONTVANG.

In Desember 2024 het ons uitgereik na vier Badisa-tehuise in die Noord-Kaap en toiletware geskenk. Ons het donasies gevra en in oorvloed ontvang.




'n Vrywilliger het die koerierkoste vir die verspreiding geskenk.



## ***Fondswerwingsgeleenthede vir 2024/2025***

Huis Stilbaai kan met dankbaarheid terugkyk en sê: “Die Here was vir ons goed”.

ʼn Baie groot dankie aan al ons donateurs, waarvan sommige al ʼn baie lang pad met Huis Stilbaai Bejaardesorg stap.

Ons opregte dank gaan aan die groter Stilbaaigemeenskap en alle donateurs (klein of groot) wat altyd Huis Stilbaai ondersteun.

Die welwillendheid en vrygewigheid van ons gewaardeerde donateurs verras ons keer op keer. Weereens baie dankie aan almal wat deur die jaar betrokke was by al ons fondswerwingsgeleenthede.

***Lara Kotze – Administratiewe Beampte***

## ***Versorging***

In die versorgingsafdeling word die kwaliteit van die individue se lewens verbeter deur ons holistiese benadering wat nie net die fisiese nie, maar ook die emosionele en geestelike behoeftes aanspreek. Ons ondersoek innoverende tegnologiese stappe wat met sekere uitdagings in versorging kan help. Met die groeiende aantal ouerwordende persone is daar ʼn toename in versorging van verswakte bejaardes wat beperk word deur die infrastruktuur, fondse en bronne tot ons beskikking. Sosiale isolasie bly ʼn uitdaging wat lei tot vereensaming sowel as emosionele en fisiese uitdagings. Gesprekvoering vind plaas met individue rakende meer stimulerende aktiwiteite vir die inwoners. Ons is dankbaar vir die vrywilligers se liefdesoffers deur hul tyd en aandag beskikbaar te maak vir die inwoners. Die versorgingspersoneel het hul eie families en uitdagings waarvan vervoer huidiglik problematies is. Pogings is aangewend en personeel tegemoet gekom m.b.t. hierdie probleem. Ten spyte van die personeel se uitdagings is die standaard van diens wat gelewer word hoog. Ek is dankbaar vir die ondersteuning van die gemeenskap, vriende, families en personeel wat hierdie diens nie net moontlik maak nie, maar ook ʼn voorreg maak.

***Sr Carine Turner – Hoof Verpleegkundige***

## ***Ons Haarsalon***

Ons haarsalon was besonder besig hierdie jaar. Altesaam **1,368** afsprake is gemaak, en tussendeur die haarversorging was die salon 'n kosbare ruimte vir gesels, lag en soms 'n traan. **Cathy en Jannie** bly die hartklop van die salon en ons inwoners is dankbaar vir hierdie fasiliteit op ons perseel.

## ***Eredienste***

Ek woon gereeld Huis Stilbaai se eredienste as besoeker by en ontvang elke keer geestelike seën. Dit word baie goed georganiseer met geïnspireerde predikers en uitstaande begeleiers wat ons dikwels bederf met sang of instrumentele items.

Ek geniet die gasvryheid wat 'n warm atmosfeer skep en dit sommer net lekker maak om deel van die kerk te wees.

***Hannetjie Droskie – besoeker***

## ***Nuwe lewe***

Sommer skielik besluit ons in 2024 om aktief te begin soek na 'n aftreewoonstel en gelukkig vind ons 'n huurwoonstel in Huis Stilbaai – net 'n entjie bult-op van ons ou strandhuis. En ons wil sommer dadelik trek. Vreemde mense kom kyk. Na 'n paar uur is ons huisie verkoop aan 'n vrou, wat sê: "I will buy it and sign the papers tomorrow."

Ons trek drie weke later Huis Stilbaai toe. Daar aangekom is ons bly dat daar plek is vir ons mooi groen yskas. Die faktotum kap gou 'n paar gate vir skilderye en foto's, die gordyne is opgehang en alles lyk piekfyn. Ons word oorweldig deur vriendelike mede-inwoners, kry biltongbroodjies, ontmoet gholfspelers, vriendelike tafelmaats en sien selfs ou vriende van baie jare gelede. Ons kry glad ook 'n motorhuis. Vier maande later verhuis ons na 'n leefregwoonstel. Dit is presies waar ons altyd een wou koop.

Ons is verbaas dat ons so maklik kan aanpas. Die etes is heerlik. Niemand kla oor die kos nie. Glad twee maal per week kry ons poeding. Ons deel rissie- en slaaisous met mekaar. Ekself voel ná sestig jaar se kosmaak elke dag soos 'n koningin. Die woonstel word gou-gou elke week skoongemaak en die vroue in die waskamer was die wasgoed vinnig en besorg dit na een dag terug.

Wat ons verstom is al die vermaaklikhede wat aangebied word. Geselsdae, speletjiemiddae, Sondagkerk en oefeninge twee maal per week. Die biblioteekpersoneel bring boeke wat hulle uitsoek vir die leners. Die verpleegdiens is wonderlik want as jy 'n skeet het, help hulle dadelik. Ernstiger siekes word met groot minsaamheid versorg.

Ons jaarlikse basaar is 'n dag om na uit sien. Die wit-olifanttafel is propvol goed soos kolwyntjiepanne, Kersversierings uit toet se dae, ou borsspelde en tonne opgeleesde Afrikaanse, Engelse en Nederlandse boeke. Ons eet kerrieafval, vetkoeke en pannekoek. Ons sing saam met Tinus, liedjiesman van George en dans sommer met vreemdes.

Gedurende hierdie oud-oud tyd van ons lewe gaan dit goed met ons en ons voel gelukkig om dit in Huis Stilbaai te kan deurbring. Ons geniet die nuwe lewe.

***Hella Döckel – inwoner***

## ***Die Inwonerskomitee***

Die nuwe komitee is in Oktober 2024 ingestel en bevestig. Vir die vyf lede is dit 'n kwessie van nuwe ondervindings op die gebied van leiding gee en administratiewe take uitvoer.

Die belangrikste mikpunte en doelstellings is geïdentifiseer om die volgende projekte aan die gang te kry, omdat ons aangespoor word om inwoners meer by mekaar betrokke te kry, veral diegene wat hul tyd alleen of semi-alleen in hul wonings deurbring.

Die komitee het die inwoners (die volsorgafdeling uitgesluit) in vier groepe verdeel, wat elkeen gereeld deur 'n komiteelid besoek word en aan wie inligting deurgegee word soos nodig.

**Rummikub:** Die groepe wat tot nou toe die Rummikub een namiddag per week bywoon, geniet dit baie, maar ons wil graag meer spelers sien. Gewoonlik is daar tussen 7 en 12 persone. Ons beskik ook oor ander speletjies, soos Scrabble, Ludo, Slange-en-leertjies en kaarte, byvoorbeeld vir Canasta.

**Inkleurgroepe:** Die projek het belowend begin en daar is omtrent 10 persone betrokke wat die inkleur geniet. Om hulle op 'n vasgestelde tyd en plek bymekaar te kry, bly egter 'n uitdaging.

**Die Babbelhoekie en Biblioteek:** Daar is met 'n Babbelhoekie ('n kuiergroepie) in die sonkamer begin. Van die inwoners kom gesellig een maal per week bymekaar en gesels oor alles en nog wat terwyl hulle 'n koppie koffie of tee geniet. Sodoende kom hulle ook uit hul kamers en geniet die samesyn. Die opkoms is goed en die projek is 'n sukses. Die biblioteek is ook meer lesersvriendelik herrangskik en baie positiewe kommentaar is ontvang.

**Bingo.** Ná 'n lang soektog is drie dames gevind wat graag Bingo wou speel. 'n Inwoner op die grondvloer, waar semi-versorgde persone woon, het die dringende gevoel gehad dat die lewe méér die moeite werd is met Bingo!

**Muntlegging.** Ons beplan 'n muntlegging om met die geld 'n paar komberse aan te koop en na die Ouma Lena-Huis in Melkhoutfontein te neem vir verspreiding. Ons het ook die moontlikheid van 'n **Vasvrawedstryd** vir die inwoners bespreek.

***Walti Basson – Inwoner (en Voorsitter)***









## ***<u>Die jaar 2024/2025 het soos ’n gedagte verbygegaan</u>***

Ons nuwe heining was ’n opwindende projek die afgelope jaar en ons is dankbaar dat ons met donasies die 66 meter lange heining aan die suidekant van ons perseel kon vervang. Vir ons woonstelinwoners was die ou heining voorwaar ’n seer oog.

Ons het nuwe inwoners verwelkom en party het nader aan hul kinders getrek. Tussen Augustus en Oktober het 11 inwoners die tydige met die ewige verwissel en ons harte gaan uit na hulle families en die gemis op spesiale onthou-dae.

Dikwels word ons gevra hoe is dit is om by ’n ouetehuis te werk en ons staan by ons gebed dat God ons as sy hande en voete gebruik in ’n tyd wat bejaardes baie uitdagings ervaar. Verseker is dit nie elke dag “maklik” nie, daar is egter ook baie snaakse oomblikke.

Ons het ook vir Irene Ellis, administratiewe beampte, einde Oktober gegroet. Sy het na byna 10 jaar by ons afgetree.

Huis Stilbaai het ’n sterk span personeellede met ’n magdom kennis en ervaring. Dis ons strewe om hierdie kennis en ervaring elke dag aan te wend tot voordeel van Huis Stilbaai se operasionele bestuur en behoeftes, sowel as strategiese beplanning vir die toekoms.

Ons sê dikwels vir mekaar om hier te werk is nie net ‘n “werk” nie, *Huis Stilbaai* is vir ons ’n leefwyse. Ek bedank graag Huis Stilbaai se personeel vir al die ekstra myle wat julle elk dag stap.

Ons personeel se dae en nagte word nie net gekenmerk deur hulle posomskrywings en kritiese prestasie-areas soos vervat in hulle kontrakte nie. Dit word ook geken aan die herhaalde verduideliking van hoe ’n selfoon werk en om rigting te gee aan ’n verdwaalde inwoner wat sy of haar kamer soek. Moeilike gesprekke vind plaas met “kinders” wie se ouers se gesondheid verswak en wat versorging in die versorgingsafdeling of doeke nodig het.

Daar word herhaaldelik verduidelik om nie met sokkies in die gange te loop nie (valrisiko), en dan is daar die vertroosting van familie wat 'n geliefde kom groet voordat Garden Route Funeral Services die inwoner kom haal.

*'n Inwoner se seun vra so 'n rukkie gelede: "Is my ma die moeilikse van al die inwoners?"*

Ons kan voorwaar 'n blog skryf wat sekerlik *vir Herklaas nog 'n stel horings sal gee.**

Vir die beheerraad sê ons graag dankie vir hulle tyd en insette.

'n Jaar gelede was dit ons gebed dat Huis Stilbaai steeds vir ons inwoners 'n ware tuiste sal wees en as ons nou terugkyk, wil ons graag glo dit was wel die geval.

Ons gaan die nuwe jaar tegemoet met 'n splinternuwe projek. Oor twee jaar vier ons ons 40-jarige bestaan. Ons wil graag familie en vriende aanmoedig om vir ons R40 per maand te skenk, spesifiek vir ons instandhoudingsfonds met die oog op die opgradering van die kombuis en die bou van 'n sitkamer.

Ondersteun ons asseblief en kontak ons gerus vir meer besonderhede.

Aan ons Hemelse Vader bring ons die Eer.

*Groete,*

*Karlien Saayman – Bestuurder*

*Ons sê dankie aan:*

- Ons Hemelse Vader vir Sy goedheid en guns
- Elke inwoner van Huis Stilbaai
- Elke personeellid van Huis Stilbaai
- Feedem, ons voedsel-, washuis- en skoonmaakdiensverskaffer
- Vrywilligers uit die Stilbaai-gemeenskap
- Die Vriende & Familiekomitee
- Familie en vriende van ons inwoners
- Ons Basaarsameroepers
- Alle Donateurs vir hul Donasies en Skenkings



**Hans gee Herklaas horings – Rudie van Rensburg*


Stilbaai Bejaardesorg
'N DIENS VAN BADISA
A SERVICE OF BADISA
STILBAAI
Huis Stilbaai
WORD 'N
HUIS STILBAAI40-
ONDERSTEUNER!
Huis Stilbaai word 40 in 2027 – 40 jaar dat ons dorp se seniors gerieflik hier langs die see woon. Die lieflike ligging maak instandhouding egter altyd 'n uitdaging.
OP ONS WENSLYS IS:
• Vervang houtvensterrame met aluminium
• Verf ons gebou
• 'n Nuwe kombuis
• 'n Sitkamer
• Nuwe motorhuisdeure
WIL JY GRAAG HELP?
Teken 'n maandelikse aftrekorder vir so min as R40.
Stuur jou ingevulde aftrekorder na: finansies@huisstilbaai.co.za
As NPO (011-891-NPO) kan ons artikel 18A-belastingsertifikate uitreik vir donateurs.
40
Badisa